MEMORANDUM VAN OOREENKOMS AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN

Ek, MICHAEL JOHANNES DE KLERK

(hierna die Verhuurder genoem) as Verhuurder, enersyds en

DIE AFDELINGSRAAD KAREEBERG

hierin verteenwoordig deur J.I du Toit en B.N Flaxman in hulle onderskeie hoedanighede as Voorsitter en Sekretaris van die Afdelingsraad, Kareeberg, (hierna die Raad genoem) as huurder, andersyds.

GETUIG:

Dat die verhuurder instem om te verhuur aan die Raad en die raad instem om te huur van die verhuurder:

SEKERE grond synde 'n gedeelte van die plaas Kareekloof bekend as Wildeperdeberg;

GROOT: 37M^2

onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. Die huur strek vanaf 1/9/88 en wel vir 'n onbepaalde termyn met dien verstande dat die totale termyn nie nege en negentig (99) jaar sal oorskry nie.

2. Hierdie ooreenkoms sal verval sodra die raad nie meer die grond benodig vir die doel waarvoor dit aangewend word nie.

3. Die huurgeld beloop 'n jaarlikse bedrag van R300,00 betaalbaar deur die Afdelingsraad van Kareeberg aan verhuurder binne een maand na ondertekening van hierdie ooreenkoms en jaarliks daarna op dieselfde wyse.

4. Die raad huur die grond vir die doel om 'n radio herleistasie-diens daar te stel en vir geen ander doel nie.

5. Die raad behou die reg om die grond te betree op die toegangspaaie deur die verhuurder aangewys vir normale instandhoudingswerk aan die herleisender.

6. Die verhuurder en die raad kom spesifiek ooreen dat die huurgeld jaarliks met 10% verhoog sal word om tred te hou met inflasie.

7. Die verhuurder en die raad kom verder ooreen dat indien enige amptenaar van die afdelingsraad Kareeberg op enige wyse sou inmeng met die verhuurder se persone, diere, masjinerie of enige ander toerustig op die plaas, hierdie ooreenkoms as gekanselleer beskou sal word.

2/ By beëindiging ....

8. By beëindiging van die ooreenkoms kom die raad en die verhuurder ooreendat die gebou en windpomptoring gelaat sal word en dat die raad slegs die toerusting soos vir die doel waarvoor die grond gehuur is, sal verwyder.

Ten bewyse waarvan die genoemde partye hulle handtekeninge hieraan geheg het te Carnarvon op hede die 2de dag van September 1988 in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies.

GETUIE:

1. .....

2. .....

.....
VERHUURDER

GETUIE:

1. .....

2. .....

.....
VOORSITTER
Kareeberg Afdelingsraad

.....
SEKRETARIS

ADDENDUM

Die verhuurder en die huurder kom hiermee ooreen dat die huurder nie die eiendom mag onderverhuur nie.

GETUIE

1. .....
2. .....

.....
VERHUURDER

GETUIE

1. .....
2. .....

.....
VOORSITTER
Kareeberg Afdelingsraad

.....
SEKRETARIS

BELASTINGFAKTUUR

BTW Nr 4860117219

Mnr M J de Klerk
Kareekloof
CARNARVON
8925

25 September 2001

Karoo Distriksmunisipaliteit
Privaatsak X1012
DE AAR
7000

		BTW / VAT					
AAN	Bedrag verskuldig op 1 September 2001 ten opsigte van sekere gedeelte van die plaas Kareekloof bekend as Wildeperdeberg	145	00	1180	69		
PER	Bedrag verskuldig					1180	69
		145	00	1180	69	1180	69
AAN	Bedrag verskuldig			1180	69		